

SUBAKROMIALE DEKOMPRESSIE

Inleiding

Rotatorkraag beklemming en rotatorkraag skeure wat daarmee gepaard gaan is algemene skouerprobleme. Dit behels gewoonlik ervaring van pyn, swakheid en verlies aan beweging van die gewrig. Hierdie prosedure kan óf deur 'n klein oop insisie insnyding gedoen word óf deur artorskopiese tegnieke.

Rotatorkraag pyn

Die onderoppervlak van die akromion skuur teen die rotatorkraag tendons en veroorsaak pyn en swakheid van die skouer. Deur 'n gedeelte van die akromion te verwyder sal spasie geskep word vir die rotatorkraag.

Insnydings

Klein insnydings word rondom die gewrig gemaak waardeur die artroskoop en chirurgiese instrumente geplaas word.

Besigtiging

'n Elektroliet oplossing word deur 'n buis gevoer in die skouergewrig in wat die skouerkapsel uitsit en wat besigtiging van die gewrig makliker maak.

Bursa en korakoakromiale ligament verwydering

Spesiale chirurgiese instrumente word gebruik om die ontsteekte bursa te verwyder en om die korako-akromiale ligament los te laat van die akromion.

Verwydering van been

'n Chirurgiese bur word gebruik om been van die onderkant van die akromion te verwyder sodat meer spasie geskep word vir die rotatorkraag tendon.

Einde van prosedure

Na bogenoemde rotatorkraag hegting word die instrumente verwyder en die pasiënt volg hierna 'n rehabilitasie program.